

Article published by Labserve Analytical Services • Visit the ground truth form on our website blog for more articles.

KWALITEIT VAN KUNSMIS


In hierdieskrywedeelonsgraag wat in 'n onlangseverslag van die Bemestingstofvereniging van Suid-Afrika (FERTASA) gepubliseer is met julle. Producentseissomsbesorgoor die kwaliteit van hulkunsmis, tewete of dit werklik die verklaarde hoeveelheid N,P,K, Ca, Mg en spoorelemente op die etiket bevat. In 'n opname wat verlede jaargedoen is, is die werklike ontleding van 101 kunsmisprodukte van 16 verkillende verskaffers se produkte se etiket vergelyk. Die 98 korrel-, en 3 vloeibare produkte is op plase gemonster.

Volgens wet, mag die totale plantvoedsel (N+P+K) in 'n produk, nie met meer as 14g/kg (1.4%) varieer van die geregistreerde waarde van die produksie. Dit is 'n hoë standaard gegewe die skaal van operasies in kunsmisaanlegte. Tog is dit belangrik dat boere, en plante, kry wat aanbeveel is.


Die bevindinge kan soos volg gesom word:

- Die oorgrote meerderheid verskaffers se hul produkte se stikstof (N)-konsentrasie stem ooreen met, of is hoër as, dit wat verklaar word. Die onderstaande figuur wys dat gevalle waarde die N-konsentrasie laer is as die verklaarde waarde, ditslegs met 5% of minder te laag is.
- In die geval van fosfaat (P) is die prentjie egter effens slegter, veral in die Somerreënvalstreke (Noorde) – 40% van die produkte se konsentrasie is laer as die verklaarde waarde. Die bloublokkies is produkte van FERTASA lede, terwyl die groendriehoekies van nie-lede is.

N-bemestingstowwe




P-bemestingstowwe



- Wat kaliumbemestingstowwe betref, is die meerderheid produkte se kalium (K) inhoud hoër as die verklaarde konsentrasie - 25% s'n is egter effens minder as wat die etiket aandui.

K- Bemestingstowwe



- Soverditskalsium (Ca) enmengsels van N:P:K aangaan, was die resultatesoosvolg:
Uit 20 Ca-produkte, was slegseen se Ca-konsentrasie onder die verklaardewaarde.
In die geval van N:P:K mengsels, is 87 produkte ontleed en 23 van hulle se
totale voedingselementkonsentrasie was tussen 1 en 5% laer as wat dit moet wees.

Samevattend kan gesê word dat al die N- en Ca-produkte se konsentrasies goed is. Dit geld ook vir K- en S-produkte in die Wes-Kaap. Verder lyk dit asof die Wes-Kaap se produkte 'n bietjie minder variasie toon, veral wat P betref.

Dit blyk dat, produsente oor die algemeen (>80%) meer plantvoedsel kry as wat die produkte se etikette aandui en waarvoor hulle dus betaal. Enkele uitsonderings kom wel voor, maar hierdie aantal probleemgevalle het in die afgelope 3 jaar van 20% tot 14% afgeneem.